# SKOLEBEDIENING - Borsharnas van geregtigheid

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons van die borsharnas van geregtigheid.

Lofprysing en aanbidding.

**Ysbreker 1: (10 min)**

- **Swartsak dress up:** Elke groep kry 'n swartsak. Hulle moet iemand aantrek met die swartsak en dan in 5 minute kyk hoeveel dinge hulle aan kan dink wat hulle kan doen om reg te wees met God. Skryf elke ding waaraan jy kan dink op 'n strook papier en plak dit vas teen die swartsak. Laat elke groep kom lees wat hulle geskryf het.

**Process ysbreker:**

Ons het nou lekker gespeel en aan dinge gedink oor hoe om reg te wees met God, maar baie het gegaan oor dade. Daar is iets wat ons heel eerste moet doen en besef dat dit die heel belangrikste is.

**ILLUSTRASIE: Geregtigheid / Vryspraak**

- Kry 'n vrywilliger om te help, trek 'n swart sak vir die vrywilliger aan.
- Ek het 'n rooi t-hemp aan waarop "Jesus het jou lief" geskryf staan – ek stel Jesus voor vir die doel van die illustrasie
- Ek gee vir die vrywilliger papiertjies met sondes op om op die swart sak te plak.
- Voordat ek tot bekering kom is DIT hoe ek lyk, swart en vol sonde – ek besluit ek het Jesus in my lewe nodig en gee my hart/lewe vir Jesus
- Jesus kom dan – en met SY bloed, maak HY my skoon – trek die swart sak vir die kind uit en trek 'n skoon, wit t-hemp aan.
- Wie maak skoon? Wie doen die werk? Ek of Jesus?
- KAN ek my eie sondes vergewe en wegvat? NEE – NET Jesus kan, so is ek nou skoongewas deur iets wat EK gedoen het? NEE – deur wat Jesus gedoen het!
- En DIT is wat geregtigheid beteken – die dag wanneer ek my hart/lewe vir Jesus gee, dan raak ek geregverdig voor God – m.a.w as God na my kyk dan sien Hy my skoon voor Hom staan, met die wit t-hemp aan en nie meer met die swart sak vol sonde nie, maar dis nie omdat EK so oulik of goed is nie, dis omdat JESUS my skoongewas het met SY bloed!
- God spreek my vry a.g.v. wat Jesus gedoen het en NIE a.g.v. iets wat EK gedoen het nie – en dis waar die vryspraak inkom – dit beteken ek is vrygepreek van my sonde, God hou dit nie meer teen my nie, Hy gaan my nie meer daarvoor straf nie.
- Maar dis nie waar dit eindig nie – wanneer ek skoongewas is, moet ek skoonbly, dit help nie Jesus se bloed het my skoongewas en nou leef ek maar net weer soos ek geleef het nie.

- Die wonderlike van dit is dat ek dit nou KAN regkry, want ek het nou hulp wat ek nie voorheen gehad het nie – Jesus in my – die Heilige Gees wat my help om nie te sondig nie – as ek Hom toelaat!

So om als saam te vat kry ons geregtigheid nie deur die dinge wat ons doen nie, maar deur Jesus aan te neem. Ons moet wel goeie dade doen en al God se opdragte uitvoer, maar uit liefde en dankbaarheid.

Sluit af met gebed.